

# 10

## DIE DOOP

### Ek weet ek behoort aan die Here

#### **PRAKTYKLES**

##### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat hul doop hulle verseker dat hulle aan die Here behoort en sy kinders is.

##### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

###### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat hulle deur die doop verseker word dat hulle aan die Here behoort.
- die doop leer ons elke keer dat ons kinders van die Here is.

###### **Gesindheid**

Die kinders moet trots daarop wees dat hulle gedoop is en dat hulle kinders van die Here is.

###### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- vir ander vertel dat hulle aan die Here behoort.
- vir hul ouers dankie sê omdat hulle belowe het om hulle van die Here te leer.

##### **MEER INLIGTING (Jesaja 43: 1)**

Ons is die Here se kinders. Ons behoort aan Hom. Dit het gebeur toe Pappa en Mamma ons in die kerk laat doop het.

Die dominee het daardie dag ons naam genoem, en hy het gesê hy doop ons in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. So weet ons dat die Here ook ons naam ken en daarom behoort ons aan Hom. Ons moet baie bly en trots wees dat ons aan die Here behoort. Daarom moet ons ook gehoorsaam wees en meer van die Here leer sodat ons Hom ook kan ken. Mense wat my ken, moet weet en kan sien dat ek 'n kind van die Here is.

Ons ouers het belowe dat hulle ons self sal leer en ons ook by die kategeese sal laat leer van die Here. Ons is in die kategeese omdat ons ouers gehoorsaam is aan hul belofte aan die Here.

Het jy al gesien dat Mamma jou tassie en kosblik wat jy saam met jou skool toe vat merk met jou naam daarop? Hoekom doen sy dit? (*Gee kans dat die kinders kan antwoord.*) Sy doen dit sodat die juffrou by die skool kan sien dat die tas en die kosblik aan jou behoort. Niemand anders mag jou goed vat nie, want dit behoort aan jou en dit het jou naam op. Net so het jy ook die Here se Naam op jou gekry toe jy gedoop is.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.

## **KOM ONS BEGIN**

### **HET HULLE ONTHOU?**

Hoor of hulle nog dié woorde kan onthou: *Niemand is groter of sterker as God nie.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Verduidelik vir die kinders aan die hand van die inligting hierbo dat wanneer jy gedoop word, jy die versekering ontvang dat Jesus jou by die naam ken en jou ook liefhet. Jy moet altyd onthou dat jy 'n kind van God is. Jy behoort aan Hom. Daarom moet jy bly en trots daarop wees.

## **IETS INTERESSANT**

Wanneer die doop weer in die gemeente bedien word, moet met die dominee gereël word dat die graad R-kindere (en dalk ook die kindere van grade 1 tot 3) vorentoe kom as die kindere gedoop word.

## **IETS BELANGRIK**

Vertel vir die kindere dat 'n mens vir die Here wys hoe dankbaar jy is omdat jy sy kind is deur elke dag te probeer om die regte dinge te doen, jou ouers te gehoorsaam en ander mense te help. Verwys byvoorbeeld ook terug na Lesse 3 en 5.

## **IETS OM TE DOEN**

Laat die kinders die lidmaatboekies en foto's wat hulle saamgebring het, vir mekaar wys.

## **BY DIE HUIS**

- Laat elke kind 'n foto van sy of haar doop in die boek plak indien dit beskikbaar is of andersins 'n prentjie van die doop teken.
- Vra die kinders om vir volgende week se les hul ouers saam te nooi klas toe, aangesien dit 'n gesinsles sal wees.

## **AFSLUITING**

Lees Gesang 292: 1 en verduidelik die betekenis van die woorde. Sluit af met gebed.

*My enigste troos in lewe en dood  
is dat ek aan Jesus Christus behoort.  
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –  
dis my anker, my vaste hoop.  
Ek behoort aan die Here.  
Niks sal my ooit van Hom kan skei.  
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop  
dis my anker, my vaste hoop.*